

Inhoud Hoekom breek Christene nie onder die uitermatige hoë druk om te leef met 'n geloof en leefwyse wat teenstrydig is met alles in die heidendom waarin hulle leef? Want dit gaan nie oor hoe sterk ons as kruike is nie, maar hoe die sterk die Een is wat sy skat in ons belê het. Die Eienaar van die skat maak die verskil tussen breek of nie breek nie, nie die verpakking nie. Die eienaar sorg vir die sorgsame hantering van die houers waarin sy skat is. Hy behou, beveilig, bewaar en beskerm sy skat in die verpakking, deur almal te beheer en te bestuur wat die verpakking hanteer.

Omdat God die Vader sy skat, Jesus Christus in ons koester, is Hy die een wat sorg dat ons nie gebreek word en sy skat in ons verlore raak nie

Skriflesing 2 Korintiërs 4: 6 -13, 16 – 18; 6: 4 – 10.

Teks 2 Kor. 4:7 “ ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek.; die krag wat alles oortref kom dus van God af, nie van ons nie.”

Tema God laat ons nie breek nie want ons dra sy skat.

1. Ons leef in 'n wêreld waar ons kragte afgetakel en uitgeput word.

Ons werk dag en nag, die meeste van ons vir 5 tot 6 geslagte aaneen, maar ons word as diene voorgehou wat dit wat ons oor geslagte heen opgebou het by ander gesteel het. Ons skep en verskaf voedsel aan die gemeenskap maar ons word voorgehou en behandel asof ons die aartsvyande van die gemeenskap is. Ons verskaf werk aan mense in 'n land waar die werkloosheidsyfer naby 50% is maar ons word voorgehou en behandel as die onderdrukkers in die land.

Ons besit die produksie middele soos plase, fabriekke en besighede maar kry nie meer by bank lenings nie terwyl mense wat geen produksiemiddel besit gefinansieer word nie soseer om te produseer nie maar om eers die produksie middele aan te koop. Dit is soos met padbou. Maatskappy met al die toerusting om 'n pad te bou, kry nie lenings en kontrakte nie, maar mense sonder enige toerusting kry opgeblase lenings waardeur hulle eers die toerusting kan koop en dan kontrakte kan kry.

Ons bou damme en skep vrugteboorde wat opgeëis word om brandhout, jagveld en visvangplekke te word. Ons produseer en betaal belasting maar moet ons self beskerm, self brande blus, vir ons eie medies sorg, ons eie skole finansier en ons eie paaie reg maak.

Ons word belas vir sonpanele wat ons opsit omdat die staat nie krag voorsien en ons word vir boorgate wat ons boor belas maar staatsplase wat niks meer produseer en elke jaar doelbewus afgebrand word, kry staatsubsidies vir hul afgebrande lande en betaal nie hulle Evkom rekeninge maar hul krag word nie afgesit nie.

Ons hou plase in stand vir produksie wat mense sonder vergoeding van ons wetlik wil steel maar die plase wat hul reeds opgeëis het, is verwaarloosde bosoorgroeide velde wat die afbrand van ons plase aanvuur.

2. Waarin bevind ons onself?

Binne presies dieselfde wêreld waarin die eerste christelike gemeentes soos Korinte hulle self bevind het – gelowiges binne ‘n wettelose en goddelose heidendom!

Die rede vir die teenstrydighede en spanninge wat Paulus hier in sy brief aan die orde stel – is om ‘n dienaar van die Here te wees wat glo en jou werk vir die Here doen binne ‘n heidense gemeenskap. Paulus se verklaring oor sy werk as apostel vir die Here dat hy praat omdat hy glo (4: 13), tel vir elke gelowige se beroep en diens aan die Here. Teenstrydighede en spanninge soos oor raad verleë maar nie radeloos nie, platgeslaan maar nie vernietig nie (4: 8, 10) “te midde van eer en oneer, te midde van laster en lof (6: 8) en om op te tree met eerbaarheid, begrip, verdraagsaamheid, vriendelikheid en ongeveinsde liefde terwyl jy aangerand word, in tronke gegooi word en in oproere verniel te word. (6: 5, 6)

Dit is die werklike posisie waarin ons in ‘n nuwe heidendom as kerk bevind! Moordenaars word nie vervolg nie, diewe word nie voor die gereg gebring nie, plunderaars word geregverdig, brandstigters word nie as kriminele gereken nie, maar ons wat die Here dien, word as diewe en onrusstokers gereken wat die geweld wat ons aangedoen word, verdien.

Paulus is nie besig om van homself en die eerste gemeentes martelare te maak en ‘n geestelikheid van martelaarskap te bedryf nie. Dit is wat al die lewensvreemde kultusse in die wêreld doen. Hulle maak asof die menslike teenkanting teen hulle simpelheid vervolging is en gebruik hierdie teenkanting om hulle self as martelare vir God voor te hou.

Paulus beskryf hierdie die werklikheid van die kerk binne ‘n heidendom, van wetgehoorsame mense binne die wetteloosheid en geweld van goddeloses. Die werklikheid van hoe die heidendom die kerk behandel omdat die kerk hulle wetteloosheid en goddeloosheid bedreig.

Paulus wys dit met hierdie kontraste uit! Ons is mense wat goed bekend is in die gemeenskap, maar doelbewus geïgnoreer word in die gemeenskap asof ons nie deel van die gemeenskap is nie. Ons word as onbekendes behandel. Ons leef en is aktief in die gemeenskap, maar word gesien en behandel asof ons dood is binne die gemeenskap. Ons is blymoedige mense in die gemeenskap maar word hanteer asof ons die gemeenskap met ongelukkigheid belas. Ons is mense wat werk en ander mense onderhou maar ons word deur die magtiges in die gemeenskap as armsaliges gereken en behandel. (6: 9, 10)

Dit is wat ons as gelowiges in hierdie nuwe heidendom waarin ons leef, en waarin die geestelikes ons ingelei het as die kerk se versoening met die wêreld, so afrem, aftakel en ons kragte afbreek – om dienaars van God binne in ‘n nuwe heidense gemeenskap te wees.

3. Hoe kan ‘n mens só leef: om as mens afgerem en uitgeput te word in ‘n wêreld wat nie in die Here glo en nie volgens sy wil leef nie, en die gemeenskap inrig volgens hulle goddeloosheid en wetteloos?

Dit was vir die eerste christelike gemeentes in die heidendom van die wêreld ‘n bestaans- en oorlewings vraagstuk. En dit is wat Paulus dan aanspreek met die

verklaring: “ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek.; die krag wat alles oortref kom dus van God af, nie van ons nie.”

Kleipotte wat ‘n skat dra! Wat is die kleipotte? Dit was gebakte kleipotte wat as houters gebruik is in die verspreiding van olie, wyn, graan en alle ander kosbaarhede. Dit is wat ons vandag as verpakking vir goedere gebruik. Hierdie potte was breekbaar. Veral omdat dit gemaak is met skerp punte as basis vir berging in bote. Dit kon maklik omval as dit nie reg hanteer of gestoor word nie. Paulus noem christene die verpakking van Christus in die uitdra en verkondig van die evangelie.

Ons is kleipotte en Christus is die skat in ons.

Met hierdie beeld wys Paulus dat alles in ons menswees is maklik breekbaar: ons menslike liggaam, wil, siel en gees. Niks in ons menswees is onbreekbaar so asof ons ‘n onbreekbare wil, siel of gees in ons het nie.

So! Hoekom breek Christene nie onder die uitermatige hoë druk om te leef met ‘n geloof en leefwyse wat teenstrydig is met alles in die heidendom waarin hulle leef? Want dit gaan nie oor hoe sterk ons as kruike is nie, maar hoe die sterk die Een is wat sy skat in ons belê het. Die Eienaar van die skat maak die verskil tussen breek of nie breek nie, nie die verpakking nie. Die eienaar sorg vir die sorgsame hantering van die houters waarin sy skat is. Hy behou, beveilig, bewaar en beskerm sy skat in die verpakking, deur almal te beheer en te bestuur wat die verpakking hanteer.

Omdat God die Vader sy skat, Jesus Christus in ons koester, is Hy die een wat sorg dat ons nie gebreek word en sy skat in ons verlore raak nie.

Dit is hoe ons onself in ‘n nuwe heidense land en gemeenskap moet ontdek! As draers van God se skat, Jesus Christus met wie ons as mens in die hemel verenig is. Ons deel die lewe van Christus as mens, die lewe van die Seun van die Vader. Die lewe van Christus wie die skat, die Geliefde Seun van God die Vader is. God gee ons nie oor aan wat mense met ons doen nie. Hy self behou ons in hierdie wêreld vir die diens waartoe Hy ons groep het en voor gebruik – draers van sy skat, sy Seun.

4. Wat God met ons doen as sy kleipotte in sy buitengewone krag is wat ons staande laat bly in ‘n wêreld waar alles afgebreek word. Dit is hoe ons as christene diensbaar kan leef in ‘n wêreld waar goddeloses die gemeenskap inrig volgens hulle wetteloosheid.

As hulle ons verdruk sal God sorg dat ons nie oorweldig word nie. Verdruk beteken dat die gemeenskap jou bestaan ontken en jou behandel as iemand wat nie bestaan nie. So word ons in hierdie nuwe heidendom gesien en behandel. Maar dit kan ons nooit oorweldig nie. Dit kan nie aan ons bestaan as gelowiges in die gemeenskap ‘n einde te maak nie. Want God hou ons in stand in hierdie wêreld wat sy wêreld is waar ons die draers van sy skat is. Ons bestaan omdat ons God ons as sy skatdraers gemaak het. Nie omdat mense ons bestaan erken of ontken nie.

As hulle ons oor raad verleë maak, is die Here ons wonderbare Raadsman. (Jes. 9; 5) Die nuwe heidendom in die land maak ons magteloos deur hulle wetteloosheid as wetgewers en wetstoepassers. Hulle ontmagtig ons in ons geloofswaardes met

wetgewing soos dat jy nie 'n kind 'n pak slae mag gee nie. Maar die Here gebruik sy buitengewone krag om hulle goddelose mag só te verbreek en ons binne sy mag diensbaar te hou. Hy gee ons uitkoms uit ons magteloosheid.

Ons word vervolg maar God verlaat ons nooit nie. Vervolging gaan oor die kwaadwilligheid van hierdie heidendom om ons kwaad aan te doen as demonstrasie van mag – om jou eiendom sonder vergoeding te vat. God verlaat ons nooit in sulke vervolging nie, maar omdat Hy alles beheer, gebruik hy die kwaad wat hulle ons wil aandoen om vir ons goed te wees. God seën ons met die kwaad wat hulle ons wil aandoen. (Gen. 50: 20)

As hulle ons platslaan word ons nie vernietig nie. God tel ons op! Platgeslaan geteken dat hierdie heidendom 'n einde aan gelowiges se ondernemings maak en 'n einde maak aan jou werk, jou posisie en eiendom. Hulle maak 'n einde aan jou boerdery, jou besigheid, jou studie-geleenthede, jou sportmoontlikhede en jou bevordering in jou loopbaan. Maar hulle kan jou nooit vernietig as die skatdraer van God nie – wat jou met die lewe wat jy met Christus deel vir Hom laat leef in hierdie wêreld. Waar hulle jou platslaan sal die Here jou weer in sy diens optel – net soos die Eienaar van kleipotte wat sy skatte dra, hulle optel as hulle omval. Hulle slaan ons plat. God tel ons op!

5. Omdat die Here ons in hierdie wêreld in ons broosheid met sy buitengewone krag as God vir Hom behoue laat bly, gee ons nooit moed op om God te dien nie (4:16) en leef ons met groot uithouvermoë. (6:3) Al word ons afgetakel en ons kragte uitgeput.

Heidene kan ons met hul wetteloosheid aftakel maar God laat ons nooit breek nie. Al vergaan ons uiterlike mens deur hierdie verdrukking, al maak hulle ons vir raad verleë, vervolg hulle ons en slaan hulle ons plat, vernuwe God ons innerlike mens dag vir dag.

Ons innerlike mens is nie ons eie krag, ons wil, ons geloof of waardes of ons geestelikheid nie. Ons innerlike mens is wie ons is in ons vereniging met Jesus Christus as mens in die hemel: “Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping. Die ou dinge het verby gegaan – kyk, hulle het nuut geword. En dit kom alles van God af,” (2 Kor.5: 17) Ons innerlike mens is dat ons die skat van God is.

Hy vernuwe ons elke dag in alles wat ons deur mense aangedoen word, op so wyse dat Hy ons in stand hou, Hy vir ons uitkoms skep, Hy die wêreld waarin ons is beheer en Hy ons optel. Daarom kan ons innerlike mens nie oorweldig word, radeloos word, verlate word of bly lê.

God rus ons so toe dat ons te midde van eer en oneer, laster en lof terwyl en terwyl ons as die misdadigers gereken al doen ons reg, aan Hom in hierdie wêreld diensbaar bly. (6: 8) Die spanning waarin God ons plaas deur ons sy skatdraers in 'n heidense wêreld te laat wees, kan ons aftakel en uitput maar nooit breek nie. Al is ons as mense is alles wat ons is breekbaar. Dit is net soos kleipotte op skepe in storms kan rondval en omval, maar versorg word omdat dit skatte dra.

God laat ons nie breek nie! Ons dra sy skat in ons – ons deel wie sy Seun Jesus Christus is en ons die lewe van di Vader se Seun.

In en deur hierdie vertrouwe in die Here kan ons moeg en uitgeput word, maar nog steeds ons moed hou en met groot uithouvermoë. So kan ons in hierdie heidense land vir God bly leef en god bly dien.